higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

ARBEIDSVERHOUDINGE N5

(4110455)

29 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ARBEIDSVERHOUDINGE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A	:	40 punte
AFDELING B	:	160 punte
GROOTTOTAAL	:	200 punte

2. VRAAG 1 in AFDELING A is VERPLIGTEND en moet deur ALLE kandidate beantwoord word.

3. Beantwoord enige VIER van die ander vyf vrae in AFDELING B.

4. Lees AL die vrae aandagtig deur.

5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

6. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n term uit KOLOM A wat pas by 'n beskrywing in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Mediese sertifikaat	A	vervul die rol van beleidmaker
1.1.2	Siekteverlof	B	die werkgewer moet betaal volgens onderlinge ooreenkoms
1.1.3	Gedragskode	C	gespesifiseerde toetstydperk vir die werknemer
1.1.4	Proeftydperk	D	dit is belangrik vir sowel die werkgewer as vakbond om 'n goeie verhouding te hê
1.1.5	Inlywing	E	'n skriftelike ooreenkoms tussen 'n werknemer en werkgewer, wat die bepalings en voorwaardes van die diens stipuleer
1.1.6	Vergoeding	F	'n werknemer is geregtig op 3 weke ten volle betaalde dae ná elke 12 maande
1.1.7	Pikettering	G	die bekendstelling van nuwe werknemers en voorbereiding vir hul nuwe rolle
1.1.8	Geslotegeledere-ooreenkoms	H	in die meeste gevalle word dit vereis as bewys dat die werknemer weens gesondheidsredes weggebly het
1.1.9	Demosie	I	dit is 'n verlaging in die werknemer se status of rang
1.1.10	Staat	J	'n fase van arbeidsgeskille waarin die bestuur werk weier
		K	om vreedsaam ter ondersteuning van 'n staking te betoog

(10 × 1) (10)

1.2 Vul die ontbrekende woorde in:

1.2.1 'n Verteenwoordigende vakbond is daarop geregtig om ... met werknemers ... hul werksure op die werkgewer se perseel te hou.

(2 × 1) (2)

1.2.2 Die regte wat deur hierdie artikel toegestaan word, is onderhewig aan enige voorwaardes rakende ... en plek wat ... en noodsaaklik is om lewe of eiendom te beveilig of om die onbehoorlike ontwrigting van werk te voorkom. (2 × 2) (4)

1.2.3 Enige werknemer wat 'n lid van 'n verteenwoordigende vakbond is, kan die werkgewer skriftelik magtig om ... of heffings wat aan daardie vakbond betaalbaar is van sy of haar loon af te trek. (2 × 1) (2)

1.2.4 'n Werknemer kan 'n magtiging herroep deur die werkgewer en die verteenwoordigende vakbond ... maand skriftelike kennisgewing, of, indien die werknemer in die staatsdiens werk, drie maande se skriftelike kennisgewing te gee. (2 × 1) (2)

1.2.5 Met elke maandelikse remise moet die ... aan die verteenwoordigende vakbond besonderhede gee van die bedrae wat afgetrek en oorbetaal word en die ... waarop die aftrekkings betrekking het. (2 × 2) (4)

1.3 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Die idee van (rigiede/progressiewe) dissipline word deur die howe onderskryf.

1.3.2 'n Kleiner onderneming sal 'n meer (informele/formele) benadering tot dissipline aanneem.

1.3.3 (Ontslag/uitdiensstelling) behoort die opsie te wees wat oorweeg word wanneer die gedrag van 'n werknemer nie bevorderlik is nie en voortdurende oortredings plaasvind.

1.3.4 Wanneer ernstige wangedrag voorkom, moet elke situasie beoordeel word op grond van (die vasgestelde regulasies/die spesifieke situasie).

1.3.5 Die kommissaris behoort te probeer om die geskil deur bemiddeling op te los binne (20/30) dae vandat dit na die KVBA verwys is, maar die partye kan tot 'n langer tydperk instem.

1.3.6 Elke (provinsiale/streeks-) kantoor het voltydse kommissarisse wat deur deeltydse kommissarisse bygestaan word.

1.3.7 Die (direkteur/voorsitter) van die KVBA is deel van die beheerliggaam, maar mag nie stem nie.

1.3.8 Die kommissaris mag die arbitrasie voer op 'n manier wat hy/sy geskik ag en moet probeer om die (regsformaliteite/bemiddeling) te minimaliseer.

1.3.9 Die KVBA word befonds deur (private/openbare fondse), rente verdien op geld wat belê is asook skenkings en toelaes uit boedels.

Kopiereg voorbehou

1.3.10 Die beheerliggaam word genomineer deur (KVBA/Neoar) en vir drie jaar deur die Minister aangestel.

(10 × 1) (10)

1.4 Definieer die volgende begrippe of woorde: Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Bestuur

1.4.2 Werkgewersorganisasie

1.4.3 Sosialisme

(3 × 2) (6)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

2.1

Lei deur 'n voorbeeld oor klimaatsverandering te stel, sê Fedusa

LinkedInTwitterGoogle+FacebookEmail

Die Federasie van Vakbonde van Suid-Afrika (Fedusa) sê hy is uiters teleurgesteld omdat die staat nie die Nasionale Ekonomiese, Ontwikkelings- en Arbeidsraad Neoar ('Nedlac') se vergadering Maandagoggend bygewoon het nie. Dit is gehou om probleme weens suurmyndreinering te bespreek.

'Verteenwoordigers van staatsdepartemente was geskeduleer om met georganiseerde besigheid en arbeid te vergader – naamlik Fedusa en die Kongres van Suid-Afrikaanse Vakbonde [Cosatu].'

Ontleen aan Mail & Guardian, Janice Roberts, 12 September 2011, 18:33

2.1 Bespreek kortliks die doel van die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid No. 85 van 1993. (2 × 2) (4)

2.2 Bespreek SES funksies van Neoar. (6 × 2) (12)

2.3 Bespreek die bevoegdhede en funksies van arbeidshowe. (7 × 2) (14)

2.4 Noem die VYF belangrikste bevoegdhede en funksies van 'n bedingingsraad.

(5 × 2) (10)
[40]

VRAAG 3

Waarom stakings goed is vir Suid-Afrika se ekonomie
Mail & Guardian / **Maya Fisher-French, 17 Junie 2009, 15:12**

LinkedInTwitterGoogle+FacebookEmail

Terwyl Trevor dalk dink dat Suid-Afrikaanse ondernemings lafaards is deur nie die vakbonde aan te durf nie, vermoed ek HUB's glimlag van oor tot oor – omdat stakings 'n vindingryke manier is om oorkapasiteit te hanteer.

Op hierdie oomblik sal British Airways kan doen met 'n staking. Die maatskappy het werknemers gevra om óf verniet vir 'n maand te werk óf onbetaalde verlof te neem (ek weet watter opsie ek sou kies). In Suid-Afrika sou daardie tipe versoek begroet word met, verrassing, verrassing, 'n staking – wat inderwaarheid op dieselfde neerkom.

'n Reeks stakings tydens 'n resessie is trouens so 'n briljante konsep, dat dit waarskynlik deur Neoar self uitgedink is. Miskien het die onderhandelings by Neoar inderwaarheid 'n resessiestrategie gebaar wat 'n wen-wen-scenario vir sowel vakbonde as ondernemings skep.

Met vervaardigingsyfers wat daal, moet daar baie ongewenste werksure wees wat betaal moet word. Maatskappye wil nie graag mense uit diens stel nie, omdat dit duur is en hulle bloot die werkers weer sal moet aanstel sodra die ekonomie herstel. Stakings, wat volgens 'n geen-werk-geen-betaling-grondslag werk, verlaag die salarisuitgawe vir maatskappye, terwyl dit vakbonde in staat stel om strydlustig te lyk en die werkers se helde te bly.

3.1	Noem DRIE funksies van kollektiewe bedinging.	(3 × 2)	(6)
3.2	Definieer *kollektiewe bedinging*.	(2 × 2)	(4)
3.3	Noem enkele eienskappe van die Suid-Afrikaanse ekonomie.	(12 × 2)	(24)
3.4	Bespreek die werknemers se reg op vryheid van assosiasie.	(1 × 2)	(2)
3.5	Bespreek die VIER pligte van 'n vakbondverteenwoordiger.	(4 × 1)	(4)
			[40]

VRAAG 4

4.1	Noem kortliks SES bestuursprerogatiewe of -regte.	(6 × 2)	(12)
4.2	Noem VIER interne prosedures in die arbeidsverhoudingestelsel.	(4 × 2)	(8)
4.3	Onderskei tussen 'n *permanente* en *nie-permanente* kontrak.	(5 + 5)	(10)

Kopiereg voorbehou

4.4 Bespreek die volgende metodes van staatsingryping.

4.4.1	Die staat as 'n raadgewer	(4 × 2)	(8)
4.4.2	Die staat as 'n reguleerder	(2 × 1)	(2)

[40]

VRAAG 5

Vakbonde wil ArcelorMittal SA se uitdiensstellings beveg

Business Report berig dat woedende vakbonde van plan is om postebesnoeiings by ArcelorMittal SA (Amsa) teen te staan.

Die staalprodusent het Dinsdag aangekondig dat hy beplan om meer as 50 werknemers uit diens te stel omdat 'n lae vraag, stygende koste, 'n sterk rand en SA se trae ekonomie verdere kostebesparingsmaatreëls noodsaak. Die maatskappy kan nog nie sê presies hoeveel mense of watter bedrywighede geraak sal word nie, omdat die konsultasieproses met werknemers en vakbonde eers afgehandel en alle vermydingsmaatreëls volledig verken moet word. Die vakbond Solidariteit het gesê hy wil ernstige gesprekke met Amsa voer om alternatiewe te bespreek, sodat afleggings net as 'n laaste uitweg oorweeg sal word.

HTTP://WWW.SALABOURNEWS.CO.ZA, DONDERDAG, 17 AUGUSTUS 2017, 09:23

5.1	Noem VYF funksies van 'n werkgewersorganisasie.	(5 × 2)	(10)
5.2	Noem AGT redes vir die beëindiging van 'n kontrak.	(8 × 2)	(16)
5.3	Noem SEWE funksies van die KVBA.	(7 × 2)	(14)

[40]

VRAAG 6

6.1	Noem SEWE byvoordele wat werknemers kan ontvang.	(5 × 2)	(10)
6.2	Noem VIER funksies van 'n werkplekforum.	(4 × 2)	(8)

Kopiereg voorbehou

6.3 Voltooi die onderstaande tabel oor arbeidsverhoudinge in Suid-Afrika.

INSET (EKSTERN)	INSET (EKSTERN)	GESPREK	UITSET	TERUGVOERING
KOLOM 1	**KOLOM 2**	**KOLOM 3**	**KOLOM 4**	**KOLOM 5**
Eksterne omgewings-invloede 1 Ekonomiese stelsel 2 Politieke stelsel 3 subonderwerp 6.3.10 …	Interne omgewings-invloede Drie partye (rolspelers) 6.3.4 … 6.3.5 … 6.3.6 …	6.3.1 …, 6.3.2 … en 6.3.3 ... vir konflikoplossing - Bedingingsrade - KVBA - Arbeidshowe	Ooreenkomste Substantiewe ooreenkoms 6.3.7 … 6.3.8 … 6.3.9 …	Terugvoering dien as nuwe inset

(10 × 1) (10)

6.4 Noem SES redes vir statutêre beheer oor arbeidsverhoudinge in diewerksplek. (6 × 2) (12)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou